higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

ALGEMENE GASVRYHEID
NKR VLAK 4

(11011004)

20 November 2018 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 1 bylae.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Enige foute wat in 'n verslag oor inspeksie van brandbestrydingstoerusting aangedui word moet binne … reggestel word.

A 30 dae
B 60 dae
C 21 dae
D 14 dae (1)

1.1.2 Die … moet verantwoordelikheid aanvaar om te verseker dat alle organisasiebeleide in die geval van 'n besering in 'n hotel nagekom word.

A onderhoudbestuurder
B algemene bestuurder
C getuie
D noodhulpverteenwoordiger (1)

1.1.3 … smoor vlamme wanneer 'n pot olie aan die brand is.

A 'n Brandslang
B 'n Brandkombers
C 'n Skuimbrandblusser
D 'n Koolstofdioksiedbrandblusser (1)

1.1.4 … moet die vermoë ontwikkel om stres te hanteer en om na mislukking en afbreking weer voort te gaan.

A Entrepreneurs
B Maatskappye
C Enkelklante
D Sakevennote (1)

1.1.5 Die industriële voedselsektor handel hoofsaaklik oor ...

A die ouderdomsverspreiding van die teikenmark.
B bedrywe van gekontrakteerde klante.
C fynproewer-etes.
D gesinsgerigte etes. (1)

1.1.6 Indien 'n resep 4 lewer, en jy moet 25 porsies vir 'n funksie lewer, sal die faktor … wees.

A 6
B 6,25
C 5
D 5,25 (2)

NCV

1.1.7 Indien die voedselkoste van 'n kaastoebroodjie R5,50 en die vereiste bruto wins 45% is, sal die verkoopprys … wees.

A R12,00
B R15,00
C R13,00
D R10,00 (2)

1.1.8 … verwys na die kanse wat 'n mens het om by aktiwiteite betrokke te raak wat tot 'n mens se ontwikkeling bydra.

A Vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede
B Vaardigheidsontwikkelingsaktiwiteite
C Persoonlike evaluering
D Spesiale opdrag (1)

1.2 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B
1.2.1	Los hoof af wanneer h/sy met verlof is	A indiensafrigting
1.2.2	Aanvaar die hoof se verantwoordelikhede vir 'n paar dae	B opleiding om in te staan
1.2.3	Individu word in 'n groep geplaas om aanbevelings oor probleme te maak	C spesiale opdrag
1.2.4	Individu onderneem 'n diepgaande studie van 'n probleem	D projekspanopdrag
1.2.5	Word gevolg om 'n mens te help om sy/haar eie vaardighede op eie tyd te verbeter	E alternatiewe opdrag
		F huishoudkundekursusse
		G studiehandleidings

(5 × 1) (5)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Evaluerings van veiligheidstoerusting behoort ten minste twee maal per jaar gedoen te word.

1.3.2 Die departement van arbeid is daarvoor verantwoordelik om die wet op BGV af te dwing.

1.3.3 'n A la carte-spyskaart verskaf nie inligting oor die prys nie.

1.3.4 Die Christendom dwing nie 'n bepaalde dieet af nie.

1.3.5 Om die voedselkoste te bereken het 'n mens die resep, 'n omskakelingstabel en 'n prys nodig.

1.3.6 Persoonlike karakter, sterkpunte en swakpunte moet 'n belangrike oorweging wees om 'n individu se opleidings- en ontwikkelingsbehoeftes te bepaal.

1.3.7 Personeel moet in die gang regs hou wanneer voorraad na die stoorkamer afgelewer word.

1.3.8 Die bestuursopsomming bevat die mins kritieke deel van die sakeplan.

1.3.9 Deur 'n nuwe onderneming stadig te begin, kry 'n mens die kans om al die struikelblokke en uitdagings te deurdink.

1.3.10 'n Prestasiebeoordeling kan slegs deur 'n interne personeellid gedoen word.

1.3.11 Voedselvoorkeure kan bepaal word deur voorstelkassies in die eetkamer of kafeteria aan te bring.

1.3.12 'n Seleksie disse met verskillende voedingsinhoud sal klante beperk om volgens hul behoeftes keuses te maak.

1.3.13 Die stewigheid van 'n voedseltipe hang van die mate van fermheid en vloeibaarheid daarvan af.

1.3.14 Die beskikbaarheid van verskaffers en die afstand vir aflewering sal die prys van die voorraad beïnvloed.

1.3.15 Hoe kouer die produk is, hoe korter is die gaarmaaktyd.

(15 × 1) (15)

NCV

1.4 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Veiligheidstekens met 'n vaste blou sirkel dui op iets wat gedoen moet word.

1.4.2 Koste wat 'n mens kan aangaan wanneer jy 'n onderneming begin.

1.4.3 Hierdie maatskappy word opgerig deur 'n stigtingsverklaring by CIPRO in te dien.

1.4.4 Groepsaktiwiteite in orde van belangrikheid.

1.4.5 Wet 85 van 1993.

(5 × 1) (5)

1.5 Bereken die totale voedselkoste van die resep hier onder. Toon ALLE berekeninge en rond tot 2 desimale plekke af.

STAMPMIELIES	
50 g Stampmielies 2 g Sout 1 g Peper 5 g Botter	Stampmielies R8,95 vir 1 kg Sout R4,99 vir 500 g Peper R16,99 vir 100 g Botter R26,99 vir 250 g

(10)

[45]

TOTAAL AFDELING A: 45

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Asanda is 'n sjef by die Rose Water Hotel. Sy ly aan diabetes. Een oggend het sy simptome van 'n diabetiese noodgeval getoon en in die kombuis inmekaargesak. Haar kollegas het paniekerig geraak, het probeer om haar te dwing om water te drink en het dadelik 'n ambulans ontbied.

2.1.1 Noem TWEE fisiese tekens wat kon aandui dat iets met Asanda verkeerd was? (2)

2.1.2 Identifiseer 'n fout wat Asanda se kollegas gemaak het en verduidelik waarom dit verkeerd was. (2)

2.1.3 Watter stappe moes Asanda se kollegas geneem het nadat sy inmekaargesak het? (5)

2.2 Jack wil 'n klein wegneemeteplekkie oopmaak in 'n gebou waar daar voorheen geen voedselafsetplek was nie. Hy het raad oor veiligheidswetgewing nodig.

Stel vir Jack 'n lys saam wat die pligte van die werkgewer ten opsigte van werknemers se gesondheid en veiligheid aandui. (5)

2.3 Beveel TWEE organisasies aan wat opknappings-/bouplanne kan goedkeur sodat Jack die gebou kan opknap. (2)

2.4 Watter implikasies kan dit vir Jack se onderneming inhou indien die bouterrein nie beveilig is nie? (3)

2.5 Jack het pas 'n kontrak met betroubare verskaffer van skoonmaakmiddels gesluit. Hy moet opleiding aanbied oor hoe die chemikalieë korrek in die kombuis hanteer moet word.

2.5.1 Beskryf in detail hoe die personeel chemikalieë op 'n veilige manier in die kombuis moet gebruik. (5)

2.5.2 Hoe kan Jack die bogenoemde inligting aan sy skoonmakers oordra? (3)

2.5.3 Voltooi die gebou-ontruimingsplan in BYLAE A deur die volgende op die plan aan te dui:

(a) Waar die nooduitgange moet wees. (2)

(b) Die beste roete wat die kombuispersoneel moet volg om die gebou veilig te ontruim. (Gebruik pyltjies om die roete aan te dui.) (3)

(c) Waar die brandblussertekens moet wees. (2)

2.5.4 Waarom is veiligheids- en uitgangtekens belangrik? (2)

2.5.5 Watter stappe moet personeel neem wanneer hulle klante se verlore goedere hanteer? (4)

[40]

VRAAG 3

3.1 Verskaf die Afrikaans vir die volgende tipes spyskaarte wat in Frans geskryf is.

3.1.1 Table d' hotê menu

3.1.2 Plat du jour menu

3.1.3 Carte du jour menu (3 × 1) (3)

3.2 Watter TWEE voedseldienssektore gebruik die spyskaartstyle wat in VRAAG 3.1 genoem word? (2)

3.3 Wat moet 'n mens in ag neem wanneer jy toerusting kies wat vir voedselproduksie nodig is? (3)

3.4 Wat kan die gevolge daarvan wees as 'n maatskappy sy werknemers se vaardighede onderbenut? (4)

3.5 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

SPYSKAART

Lam Ragon Josh met 'n roti, eier-pilafrys en soetrissiepekel
of
Hoendersamoesas met rissieblatjang, pilafrys en 'n groen slaai
of
Tandoorihoenderkebab met komkommerraita en 'n roti

3.5.1 Watter etniese groep sal die kos op hierdie spyskaart waarskynlik die meeste geniet? (1)

3.5.2 Gee redes vir jou antwoord op VRAAG 3.5.1. (4)

3.5.3 Pas die bostaande spyskaart aan sodat dit vir vegetariërs geskik is. (5)

3.6 Waarom is dit belangrik dat die nuwe disse op die spyskaart (wat in VRAAG 3.5.3 saamgestel is) aan die personeel gedemonstreer word? (5)

3.7 Ontwerp 'n vorm wat personeel kan gebruik om die disse op die aangepaste spyskaart te evalueer om te verseker dat 'n gebalanseerde spyskaart aangebied word. (6)

3.8 Onderskei tussen 'n *laktovegetariër* en 'n *gedeeltelike vegetariër*. (2)
[35]

VRAAG 4

Anne-Marie werk as ontvangsklerk in 'n hotel. Sy moes haar bestuurder om hulp nader aangesien kliënte ontevrede was omdat sy so lank geneem het om hulle te bedien omdat sy met 'n ander kliënt oor die telefoon gepraat het.

4.1 Beskryf sommige van die dinge wat Anne-Marie kan doen om haar sterkpunte in die werkplek te ontleed. (3)

4.2 Anne-Marie moet multitaakverrigting aanleer. Die ontwikkelingsplan hier onder is deur haar bestuurder opgestel.

Evalueer Anne-Marie se persoonlike ontwikkelingsplan deur die probleme in haar plan te identifiseer en hierdie probleme op te los deur aanbevelings te maak.

VAARDIGHEDE	UITKOMSTE	OPLEIDING	LEWERINGS-MODUS	TYD-PERK	WERKS-GELEENTHEID	ONDER-STEUNER
Multitaak-verrigting	Moet in staat wees om een taak op 'n keer te voltooi	Indiens-opleiding	Woon bedags klasse by	3 jaar	Bevordering na 'n meer senior posisie	Onder-geskiktes

(4 × 2) (8)

4.3 Noem DRIE persone buite die organisasie wat Anne-Marie se prestasie kan evalueer. (3)

4.4 Stel VYF hulpbronne voor wat Anne-Marie kan gebruik om meer georganiseerd te wees. (5)

4.5 Anne-Marie se bestuurder moet besluit watter prestasieplan die beste by Anne-Marie se ontwikkeling sal pas.

Bespreek die voordele daarvan om 'n plan vir die verbetering van prestasie eerder as 'n plan vir die ontwikkeling van prestasie te gebruik.

Tabelleer die antwoord soos volg:

Prestasieverbeteringsplan (PVP)	Prestasie-ontwikkelingsplan (POP)

(2 × 3) (6)

4.6 Gee VIER redes waarom dit belangrik is om 'n prestasiebeoordeling met Anne-Marie te doen. (4)

4.7 Identifiseer TWEE individue wat direk met Anne-Marie saamwerk wat haar kan help om haar ontwikkelingsplan op koers te hou. (2)

4.8 Watter aanbevelings kan enige van die individue in VRAAG 4.7 aan Anne-Marie maak om haar met die fout wat sy in die scenario hier bo gemaak het, te help? (4)

4.9 Watter eksterne omstandighede kan Anne-Marie se ontwikkeling en prestasie beperk? (5)
[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

'n Moderne klassieke storie: Die onbekende verhaal van die spinasiekoning
Geplaas op 11 Maart 2015

Lufefe Nomjana is een van Suid-Afrika se mees beroemde jong entrepreneurs. Nadat hy die spinasiebrood geskep het, het hy internasionaal vinnig as die 'spinasiekoning' naam gemaak. Die jong entrepreneur se vordering was egter nie altyd maklik nie. Nadat hy die verkeerde kant van die lewe beleef het, het hy sy pad terug gevind en die maatskappy begin – alles as nalatenskap vir sy familie.

[Bron: eie vertaling van *www.iamyoungpreneur.com*]

5.1 Identifiseer die moontlike risiko's van selfwerksaamheid wat mnr. Nomjana in die gesig kon staar. (4)

5.2 Mnr. Nomjana het alleeneienaarskap as sakemodel gekies.

5.2.1 Gee VIER voordele daarvan om as alleeneienaar handel te dryf. (4)

5.2.2 Noem VYF moontlike eienskappe van 'n suksesvolle, selfwerksame individu. (5)

5.2.3 Waar kon mnr. Nomjana die nodige finansiering bekom het om sy besigheid mee te begin? (3)

5.2.4 Watter dokumente moet mnr. Nomjana in die bylae van sy sakeplan insluit? (4)

5.3 Wanneer iemand op die punt staan om met 'n besigheid te begin is dit nodig om inligting in te samel.

Stel 'n lys van VYF plekke of maniere op, wat mnr. Nomjana kan gebruik om inligting vir sy onderneming te bekom. (5)

5.4 Beskryf die vereistes vir 'n dekbrief wat 'n goeie indruk op die ontvanger sal maak. (5)

5.5 'n Finansiële plan is 'n redelike skatting van 'n maatskappy se finansiële toekoms.

5.5.1 Noem VYF belangrike finansiële dokumente wat in 'n finansiële plan ingesluit behoort te word. (5)

5.5.2 Beskryf elk van die dokumente wat in VRAAG 5.5.1 genoem is. (5)


[40]

TOTAAL AFDELING B: 155
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

2.5



Kopiereg voorbehou